

ST. ANDREAS KIM TAEGON, ST. PAULUS TJONG HASANG EN METGESELLE 20 SEPTEMBER



Tot en met die 19de eeu was Korea 'n geslote land waar buitelanders en alle Christelike sendelinge verbode was. Tog was daar 'n klein en lewenskragtige Christen geloofsgemeenskap wat in die geheim oorleef het. Andreas Kim Taegon was die eerste Koreaan om priester gewy te word. In 1839, 1846 en 1866 breek daar verskriklike en wrede vervolgings van die Christene uit. Vr. Andreas Kim Taegon is gevang en onthoof; sy vader sterf ook 'n marteldood, asook Paulus Tjong, 'n getroude man en leke apostel. Duisende Christen gelowiges verloor hul lewens in dié jare en tydens sy besoek aan Korea in 1984 verklaar die heilige pous Johannes Paulus II 'n groep van hulle tot heiliges.